Ons Leipie Ratte Rol Reg

Laerskool Louis Leipoldt

6 November 2020

Tel no: 012-664 5798/9
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

UIT DIE KANTOOR:
Met die laaste paar weke van die jaar voor ons, kyk ons met groot dankbaarheid terug na al die seëninge wat ons as skool en gemeenskap ervaar het. Ten spyte van al die uitdagings, is ons personeel steeds positief en werk hulle hard om seker te maak dat elke kind die akademiese hulp kry wat hulle nodig het. Soos u weet het ons reeds met assesserings begin en daarom is dit uiters belangrik dat u sal aanhou om die kinders te motiveer om hulle beste te gee in hierdie laaste paar weke. Ons besef dat ons gesinne geweldige uitdagings beleef het en kan daarom net weer dankie sê dat ons ouers so groot rol speel om die kinders te ondersteun en leiding te gee. Danksy ons ouers, is die kinders ingelig oor die Covid-19 regulasies en het ons daarom nog geen dissiplinere probleme hieroor gehad nie. Ons wil u gelukwens met u kinders se gedrag!
Ons het as personeel besluit dat ons die kinders wil beloon deur hulle toe te laat om op **10 & 11 Desember** gewone klere aan te trek skool toe. Op hierdie manier sê ons dankie vir elkeen se bydrae en positiewe gesindheid. Sterkte vir die laaste deel van die jaar!

'n Skooltas(rugsak tipe) sal vir 2021 beskikbaar wees. Die skooltas het 3 dele met afsonderlike ritssluiters, twee kantsakkies, 'n paneel om die naam in te skryf, spons en verkoelingspanele teen die rug, is waterdig en duursaam. Bestelvorm is op D6 en op webblad beskikbaar.

MASKERS:
Die klein rooi Leipiemaskers (Gr R-2) is uitverkoop vir 2020. Daar is nog tienermaskers (Gr 3-7) beskikbaar. Koop een rooi masker @ R20 en kry een blou dieremasker gratis. Blou maskers kan ook apart teen R10 gekoop word. Blou maskers kan ook deur ouers gedra word of aangekoop word vir ander gesinslede. Gesigskerms is nog beskikbaar.

REDENAARS – ATKV TEMAS 2021:
Gr 1-3:
Kaalvoet, Wonder, Fees.

Gr 4-5:
Letters, Voetspore, Voel, Kaalvoet, Wonder, Fees.

Gr 6-7:
Toekoms, Liefhê, Afronding, Letters, Voetspore, Voel.

REDENAARS TOESPRAAK OPLEIDING:
Woensdag 25 November in die skoolsaal. Aangesien die skool eers op 27 Januarie 2021 begin, sal dit raadsaam wees om sommer nou met die toesprake te begin. Bring gerus 'n pen en 'n notaboekie saam. Handleidings vir Redevoering 2021 sal ook beskikbaar wees.

ADVERTENSIEGELEENTHEID:
L/s Louis Leipoldt het advertensiegeleenthede beskikbaar. Adverteer op die skool se webblad, Facebookblad, skoolblad en met 'n plakkaat. Doen navraag per e-pos: bemarking@louisleipoldt.co.za Sien asb tariefkaart op D6 kommunikeerder. Sien ook inligting op bl. 2 van hierdie nuusbrief.

SKRYFBEHOEFTELYSTE:
Skryfbehoeftelyste sal vanaf 12 Okt. op die skool se webblad onder dokumente beskikbaar wees. Neem asb. kennis dat skryfbehoeftes van die vorige jaar weer gebruik kan word. Woordeboek in Gr 4 aangekoop kan gebruik word tot Gr 7. 10/10 Skryfbehoeftewinkel beding vir ons die beste prys op skoolpakkette.

Prestasies

Indien daar enige oud Leipies is wat op enige wyse presteer, wil ons graag daarvan weet. Kontak ons by bemarking@louisleipoldt.co.za

Baie geluk aan die volgende leerders wat tot leiers vir 2021 verkies is:

Dogters:
Ninke Badenhorst, Dieneke Beukes, Anica Blom, Sureta Brits, Jani Coetzer, Kylin Erasmus, Alison Farla, Mienke Jansen, Duané Langner, Merie Langner, Zanele Masuku, Elné Moolman, Ashley Nel, Izelle Nel, Leah Roberts, Kylin Roux, Liandrie Roux, Monique Simmons, Quinlyn Smith, Birgitte Weideman.
Seuns:
Eduard de Wet, Darius Durie, Bèrnick Fourie, Stals Gouws, Shayne Greeff, Stiaan Grünenfelder, Jano Jordaan, Carlo Kotzé, Malan le Roux, Leon-Charles Louw, Jaco Oosthuizen, André Roode, Vian van Breda, Dawid van den Heever, Deryck van Staden, Adriaan Venter, Conraad Viljoen, Marnus Viljoen, Stefan Vorster, Hanno Vosloo.

Moderne Dans: Genna Claassen kwalifiseer vir SA Kampioenskappe Federasie Kleure in moderne dans.

Pierneef Kunstefees: Genna Claassen-A+ Onvoorbereide lees, A++ Redenaars.

VERJAARSDAE – PERSONEEL 1-15/11
Agrella Mariska

VERJAARSDAE - LEERDERS 1-15/11:
Du Preez Matthew, Cronjè Anche, De Bruyn Maya, Engelbrecht Juan-Pierre, Fourie Keegan, Victor Gavin, Smit Mianè, Bloem Mia, Vermaak Cheney, Swart Evan, Bailey Liam, Feng Shaunhao, Malan Jacques, Rademan Sunelle, Steinmann Gd, Terblanche Richardt, Van Der Merwe Uzanè, Berbeyer Leoné, Botha Ar-Mari, Van Wyk Kara, Grobbelaar Mioné, Marais Toanette, Oosthuizen Joël, Ox Olivia, Bronkhorst Dané, Fourie Evan, Fourie Monice, Ross-Marsh Kian, Bruwer Amoné, Gunter Sulandri, Viviers Christopher.

VERJAARDAE:
Leerders mag gewone klere dra op die dag wat hulle verjaar of die dag naaste aan hul verjaardag. Ongelukkig kan geen eetgoed/kolwyntjies uitgedeel word nie.

LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT TARIEFKAART

H/v Langebrink en Pretoriuslaan, Lyttelton, Centurion | Tel: (012) 664 5798/9 | www.louisleipoldt.co.za

Laerskool Louis Leipoldt het 'n ryk en trotse geskiedenis. Op akademiese gebied is ons 'n voorloper. Ons roem onsself as 'n baie goed gebalanseerde skool waar sport en kultuur 'n regmatige plek in ons leerlinge se opvoeding en onderrig het. Met ons ondersteunende gemeenskap en ouerkorps is dit maklik om hande te vat tot voordeel van ons leerders. 'n Dinamiese beheerliggaam sterk ons personeel se hande in die proses van kwaliteit onderrrig. Akademiese, sport- en kultuurprestasies is volop en is 'n toonvenster van ons bekwame en entoesiastiese personeel, leerders wat positief deelneem en ouers wat die skool en leerlinge ondersteun. Laerskool Louis Leipoldt handhaaf hoë lewenswaardes en almal word met respek hanteer.

Indien u graag 'n adverteerder by Laerskool Louis Leipoldt wil wees, kan u gerus na ons standaard advertensiegeleenthede en ons advertensiepakket kyk.

STANDAARD TARIEWE

Advertensiegeleentheid	Koste	Termyn
Webtuiste Plasing van u maatskappy se advertensie op die skool se webtuiste met 'n skakel na u besigheid se webblad. (1120 x 237 px)	R1000	1 Volle jaar
Pamflette Die geleentheid om pamflette aan leerders en personeel by die skool uit te deel. (nie in 2020)	R1000 R1	Eenmalig Een per gesin **OF** per pamflet per groep
Plakkate Die geleentheid om 'n plakkaat op ons kennisgewingbord te plaas.	R100	Twee weke
Facebook Advertensie word op ons Facebook platform geplaas. (940 x 788 px)	R200 x 1	Eenmalig
Leerderdagboek Advertensie word in ons leerders se dagboek, wat deurlopend die jaar gebruik word, geplaas. Binneblad van u keuse (swart en wit)/	R1000 (binneblad)	Eenmalig

agterblad (volkeur). R3000 (agterblad)

Indien u 'n silwer adverteerder is, sal die onderstaande tabel aandui wat u bemarkingsgeleenthede sal wees.

SILWER PAKKET R 4000

Advertensiegeleentheid	Waarde	Termyn
Webtuiste Plasing van u maatskappy se advertensie op die skool se webtuiste op twee bladsye met 'n skakel na u besigheid se webblad. (1120 x 237 px)	R1 500	1 Volle jaar
Plakkate Die geleentheid om 'n plakkaat op ons kennisgewingbord te plaas.	R100	Twee weke
Facebook Advertensie word op ons Facebook platform geplaas.	R200 x 2	2 x plasings 'n jaar
Skoolblad Plasing van u maatskappy se advertensie verskyn 1 maal 'n jaar (Junie of November) in ons skool se skoolblad. (Visitekaartjie grootte)	R3000	1 x plasing 'n jaar

Annemaré van Rensburg | Bemarker
012 6645798
bemarking@louisleipoldt.co.za

BANKBESONDERHEDE:
ABSA Lyttelton – Tjekrek
Rek no: 600510118
Takkode: 632005